*Saterdag* **21 Februarie**
**Skrifgedeelte: Psalm 23:1-6 (AFR33/53)**
**Fokusgedeelte: Psalm 23:1-2**
**God se barmhartigheid in sy troue versorging**

*"Die HERE is my herder; niks sal my ontbreek nie"* (vs 1). Hierdie bekende woorde is diep persoonlik vir die gelowige. As iemand wat self 'n herder was, het Dawid geweet wat dit beteken om vir skape te sorg – om hulle te versorg (vgl. 1 Sam. 17:34-35). Hy het God as sy Herder se barmhartige versorging geken en beleef. Hy verstaan wat dit beteken om van God afhanklik te wees vir versorging.

Met hierdie woorde getuig die gelowige van 'n intieme vertrouensverhouding met God in sy verbond. Dit is wat die HERE van Homself aan Moses bekend gemaak het: "EK IS WAT EK IS" (Eks. 3:15). Hierdie Naam beklemtoon die HERE se ewige teenwoordigheid en verbondstrou. Dit is Hý wat in liefde en barmhartigheid sy volk versorg.

Dawid – wat self 'n koning was – erken dat hy so afhanklik soos 'n skaap is. Hy bely dat alles wat hy ontvang, van die HERE af kom: *"Hy laat my neerlê in groen weivelde; na waters waar rus is, lei Hy my heen"* (vs 2) – vir voeding, geestelike verkwikking en rus.

Jesus Christus is die vervulling van hierdie Psalm. Hy sê: *"Ek is die goeie herder. Die goeie herder lê sy lewe af vir die skape"* (Joh. 10:11). Hy het gekom om lewe en oorvloed te gee (Joh. 10:10). God se barmhartigheid in Christus sorg liggaamlik sowel as geestelik vir ons. In Christus voorsien God rus vir ons siel en vir die ewige lewe.

Kind van God, as die HERE jou Herder is dan kom jy niks kort nie. Ek weet vir seker dat die HERE baie persoonlik vir my sorg. Daarom kan ek ook weet dat Hy in die goeie tye sowel as in die moeilike tye sal voorsien alles wat ek nodig het. Ek kan weet: By Hom is ek veilig.

*Sing: Psalm 23-1:1, 2*

*Ds. GJ (Jonker) Venter (Totiusdal)*